Volume 3
May 2013




## Good day Friends...

The 2012/2013 season will be remembered by a feeling of gratefulness for all the rain we received. The crops are looking good and the cattle are in a good condition. We, in the North-Eastern Free State have really been blessed and I sympathize with all the farmers who are battling under severe drought, especially those in the Southern Free State and North West Province.

## Information Day

Last year's information day was well attended. Dr Faffa Malan brought across the message that we need to vaccinate our livestock on a regular basis. His words were very wise as at the moment we are battling with Blue Tong in our sheep – which are reaching epidemic proportions in our area.

Prof Thys Ungerer spoke about the nutritional value of red meat. And just the next day statistics showed that the red meat consumption increased, proving that this talk made a lot of sense especially the part on healthiness of red meat. Oom Thys, we all wish you a speedy recovery and look forward to seeing you at our next Info day.

Dr Hannes Dreyer discussed the results of the veldbull and veldram tests. He quote Dr Jan Hofmeyr who said in 1972 : " there is an effectiveness in numbers that is seldom equalled by breeding skill"

Arthur de Villiers discussed the bulls while Daan Cronje discussed the rams.

## Die Veiling

Die veiling wat die 2de Augustus 2012 gehou was op die nuwe terein het baie goed verloop. Al 50 bulle is verkoop vir n gemiddeld van R39,600. Die duurste bul is gekoop deur Abrie Cronje van AJ & JC Cronje Trust vir R100,000. Die Ramme het gemiddeld R6,000 met die duurste ram van R21,000 wat aan Pikkie Uys van Volksrust verkoop is.

Besides all my regular bull buyers, and thank you again for all your support, the following first time buyers attended our sale:


Steve Lindsay
Naas Steyn
Kurt Klingenberg
Lourens and Uys Van der Merwe.

Congratulations with your purchases. We hope to have a long and lasting relationship. My success will only be measured by your satisfaction.

## Nuus

Ons is trots om aan te kondig dat Neuman Broers weer die meeste preferente en Elite koeie in die Drakensberger genootskap gekry het.

Ons het ook die Embee trofee ontvang vir groot kuddes met die beste TKP (391 dae).



-NEUMAN-
-DRAKENSBERGER-

## Condolences

On 28 February 2013 Oom Pierre Uys passed away. My first inspection tour back in 1983 we did together. I was his junior and learner inspector. He never had a negative comment about anyone. His knowledge of cattle was admirable. Another library has closed. We can all honour his great body of work. His legacy lives on in the lives of his sons and the prosperity of their well-managed farms.



# Veeboer van die jaar

Neuman Broers is tydens 'n dinee wat jaarliks saamval met die Aldam Beesskool , aangewys as wenner van Molatek se landswye veeboer van die jaar kompetisie. Die beoordeling het op 4 Oktober plaasgevind en is gedoen deur prof Frikkie Neser van UV en mnr Johan Mouton van Molatek. Laasgenoemde skryf dat die uitstaande kenmerk van die finaliste is dat hulle die basiese goed regdoen – nie net beplan om dit te doen nie, maar dit wel doen.

Neuman Broers (Leonard en Rodney) boer met stoet en kommersiele Drakensbergerbeeste en stoet en kommersiele Merinoskape op die veld.Verder is daar ook 'n groot melkery (Fries en Holstein). Kontantgewasse word hoofsaaklik verbou om aan die kuddes se voervloei te voldoen.

In aldrie vertakkings word 'n streng teelbeleid met duidelike doelwitte gevolg waarvan nie afgewyk word nie.

Cork Merinos bly nog die enigste stoet wat nog elke jaar ramme by die Oos Vrystaat Veldramklub ingeskryf het (26 jaar). Dit het 13 jaar geneem voordat Cork Merinos die eerste toekenning by die klub verwerf het, maar nou word die vrugte gepluk van 'n doelgerigte teelbeleid waar veldramme geteel word wat aangepas is onder suurveldtoestande.

Die Frelon en Hymgert Drakensberger stoet was die eerste Drakensbergerkudde wat 'n veldtoets op die plaas onder beskerming van Veldbul SA uitgevoer het. Volgens Rodney was dit (om 'n veldtoets te doen) en die hou van 'n eie produksie-veiling van die beste besluite wat hulle nog geneem het. Drakensbergerbulle en Merino-ramme word jaarliks op 'n veiling aan die begin van Augustus verkoop.

Prof Frikkie Neser het dan ook met die toekenning gesê dat dit prysenswaardig is dat die Neuman Broers dit reggekry het om met tradisionele rasse (Drakensberger beeste en Merino skape) hulle boerdery te omskep het in een van die mees winsgewendste boerderye in die land. Met hulle streng teelbeleid en duidelike doelwitte het die boerdery oor die jare tot 'n modelboerdery ontwikkel.




Neuman Broers ontvang die trofee vir Molatek se Veeboer 2012, te Aldam

Ek het onlangs op die stukkie lewenswaarheid deur KIT PHARO afgekom… 'n NEUMAN BROERS denkwyse...

**"When it comes to happiness and success, nothing is more important than attitude. I love to spend time with positive and optimistic people because their attitude is contagious. Unfortunately, negative and pessimistic attitudes are also quite contagious. As the old saying goes, "Birds of a feather flock together." People with the right attitude tend to be innovative and independent thinkers. They are not afraid to think outside the herd. They will often be entrepreneurs and trailblazers. They are goal setters. They know that the best way to predict the future is to create it.**

**People with the right attitude are proactive – not reactive. They are not afraid of failure. If they fall down, they get back up, brush themselves off and learn from their mistakes. They seldom, if ever, whine or complain – and they NEVER blame others for their problems. People with the right attitude see problems as opportunities. They are always looking for ways to make lemonade out of lemons. They realize that every dark cloud has a silver lining. People with the right attitude tend to be spiritually grounded. They know who is really in control. People with the right attitude often create win-win relationships with other positive people. They know that their success is often dependent upon the success of others."**

# Neuman Broers help 'n droom waar word

Mej Joné Dreyer (31) van Vrede se droom om valskerm te spring, is op Sondag 25 November bewaarheid toe sy saam met die meester-tandemspringer, Mnr Graham Field van Rustenburg Skydivers, 'n tandemsprong gedoen het. Die sprong was bespreek vir die Saterdag, maar moes weens reën uitgestel word. Alles het voorspoedig verloop en die landing wat noukeurig deur Graham beplan is, het volgens plan verloop. Joné sê die sprong was "ongelooflik fantasties en 'n belewenis wat sy nooit sal vergeet nie". Die sprong is geborg deur Neuman Broers van Vrede.

Joné is waarskynlik die eerste persoon in Suid-Afrika met serebelêre ataksie wat valskerm gespring het . Sy het ook al twee keer met mikro-ligte vliegtuie gevlieg en droom om in die toekoms nog in elke moontlike vliegtuig wat sy kan, te gaan vlieg.

Mej Joné Dreyer saam met van links mnre Chris Möller wat 'n video van die sprong geneem het, Hannes en Rohan Dreyer (Joné se pa en broer) en mnr Graham Field




## Introducing Drakensberger Beef to Restaurant in Johannesburg

## "Field to Fork"

Monday the 4th of March 2013, is a day I believe would be remembered for a long time.
The Drakensberger Society made history by introducing Drakensberger meat at a Restaurant called, The Local Grill Parktown North,in Johannesburg. Because Drakensberger beef performed so well during the Ultimate beef challenge it was honored by the Local Grill, dedicating the month of March to Drakensberger beef.

Beef enthusiasts and breeders sat down at 12 o'clock when Steve Maresh, the owner of Local Grill, opened the day by welcoming everybody. He brought across the message from "field to fork" which captured the attention of the crowd. After eating Drakensberger ribblets as a starter Willie Landman, representing the Drakensberger society, gave a brief background history of our beloved cattle. A task which I believe he did with a lot of knowledge and enthusiasm and gained many a friend for our breed.

Present at this function was Weber, Deli Spice, Rib Shack Red, and Karan Beef. The established food magazine called "Food and Home" were present as well as a writer from the Sunday Times Newspaper.

Jodee-Ann Pearton, who has received South African colours for cheffing and also took the title of South African Chef of the Year, 3 years consecutively was full of praise for our product, Drakensberger beef.

The day was ended with the hanging of a glass logo which has a proud position in the restaurant for all to see.

Thank you to Gert Du Preez for supplying the special Drakensberger meat, your product did us proud.



VIVA
DRAKENSBERGERS
VIVA !!!!

# Samewerking met Stamboek

Een van die hoogtepunte van die jaar sover was die samewerkings ooreenkoms tussen VBRSA en SA Stamboek en Neuman Broers was deel daarvan. Die belangrikste voordeel wat hieruit spruit is sekerlik dat die veilingskatalogus in die toekoms 'n gesamentlike katalogus sal wees wat beide teelwaardes en veldbulinligting sal bevat.



Teenwoordig tydens die vergadering op 21 Januarie 2013 te Bethlehem, is:

Van links na regs, Agterste ry: Piet Human , Dr Teuns Laas ,Charl Hunlun , Herman Labuschagné ,Rodney **Neuman** (Drakensberger Raadslid )

Voorste ry: Dr Pierre van Rooyen, Dr Japie van der Westhuizen en Dr Hannes Dreyer .

## Veldbuldata

**Die resultate van die afgelope twee toetse is opgesom in Tabel regs**

Daar is met die 2011-12 toets 190 bulle op die veld getoets en die resultate is in Tabel 1 aangetoon. Net 50 van hierdie bulle , wat almal in of die stoet of die kommersiele kudde gebruik is, word op die veiling aangebied.Dit beteken dat net die beste bulle (26% van bulle getoets) op die veiling aangebied word. In beide kuddes word vir bespiering en kondisie geselekteer en die resultate is duidelik waarneembaar.

| EIENSKAP | FRELON | HYMGERT |
|---|---|---|
| Kondisietelling | 4.35 | 4.78 |
| Bespiering | 5.74 | 5.91 |
| Temperament | 1.22 | 1.36 |
| Hare | 2.01 | 2.18 |
| GDT | 560 | 672 |
| Skrotum | 33.7 | 33.4 |
| Pelvic score | 176.9 | 183.0 |
| VVO | 14.07 | 12.67 |

Veld-
Bul en
Ram
Suidelike
Afrika
>V<
www.vbsa.co.za





Buiten al die ander uitsonderlike eienskappe van ons Drakensberger koeie, handhaaf hulle ook goeie dissipline en orde!!

## Ergot vergiftiging

Ek is seker baie van julle het al n bul gesien met 'n kort stert en gedink dit is geneties-- nie altyd waar nie, Ergot vergiftiging veroorsaak dat die bloedvate blok en die dier se normale bloedtoevoer na sekere dele afgeny word. Die eerste dele wat geaffekteer word is die bloed toevoer na die stert, kloue en ore. Ergot is n swam wat meestal voorkom in gemufte voer, maar kan ook op weidings voorkom.


So affekteer Ergot vergiftiging die sterte





Hierdie jaar se veiling vind plaas op die 1ste Augustus 2013 te Newlands. Al die bulle en ramme wat aangebied word is alreeds deur ons gebruik en ek kan u die versekering gee dat hulle vrugbaar is en dekbehendig is. Ons bied geen bul of ram te koop aan wat nie goed genoeg is vir ons eie kudde nie. Die aanbod bestaan weer uit 50 veldgetoetste bulle en 100 stoet en kommersiële vroulike diere.

50 veldgetoetste merino ramme en 300 dragtige ooie word ook aangebied.



# Mense...




Rodney ontvang die trofee vir beste TKP van Johan Fourie




PJ Muller (CMW) en Rodney saam met die kopers van die hoogste prys verse, Willie Landman en Jean van der Merwe



Rodney en Willie Landman proe lekker tydens die "Ultimate Beef Challenge"



Drie geslagte Venters! Mnr Klaas Venter saam met sy seun Klaas en kleinseun Klaas by die 2012 veiling.





Inligtingsdag 2012 te Newlands



Leonard en Julian—trotse nuwe eienaar van Drakensberger verse.





**Hoekom sal jy nou nie met**

**Drakensbergers wil boer nie???**





# Neuman Ramveiling 2012





Baie geluk aan Mnr Pikkie Uys met die aankoop van die hoogste prys ram vir die bedrag van R21 000.









# Nasionale Veiling Parys 2013







Baie geluk aan Mnr Kobus Davel met die aankoop van die rekordprys koei en kalf vir die bedrag van R36 000 op die onlangse Nasionale veiling te Parys. Op die foto verskyn vlnr Kobus Davel (koper), Rodney Neuman (verkoper) en Frans Duminy (CMW). Op die foto's links is die besondere koei en kalf.














## 'n Strewe na balans

**deur Izak Hofmeyr ('n uittreksel uit die artikel in VEEPLAAS APRIL 2013)**

"As jy 'n storie oor my Merino's kom doen, moet Daan Cronjé en Hannes Dreyer by wees. Hulle is net so deel van die bestuur as ek self."

Dis Leonard Neuman wat so antwoord toe ek hom bel vir 'n afspraak om 'n artikel te doen oor sy bekende Cork Merinostoet tussen Vrede en Memel in die Vrystaat. Hy is een van die bekende Neuman-broers wat ook verlede jaar as Molatek se veeboer van die jaar aangewys is.

Die twee manne wat moet by wees is Daan Cronjé, BKB se veldbeampte in die streek, en dr Hannes Dreyer, veekundige konsultant, bekend vir sy betrokkenheid by die Veldram- en Veldbulklubs.

Die storie van die Cork Merinostoet begin in 1961 toe Leonard se pa, Hymie, en sy broer, Sam, 309 Merino-ooie uit die kudde van minister Klasie Havenga gekoop het en hulle as stoet by die Merino Telersgenootskap geregistreer het. Sam is in 1967 en Hymie in 1977 oorlede, en die nuwe geslag Neumans, Leonard en Rodney, het die boerdery onder dieselfde naam voortgesit.

## Prestasietoetsing

In daardie stadium het Willem Marais van BKB sy skape geklas, en hulle het besluit om streng te begin selekteer vir die eienskappe wat Leonard wou inteel. Een van die implikasies was dat hulle met prestasietoetsing begin het. Aanvanklik was dit maar 'n moedelose besigheid, maar so vyf jaar later het hy werklik 'n verandering in die kudde begin sien. En van toe af het die vordering net al hoe groter geword.

"Dit was nie lank nie, of ek wou ons vordering teen ander boere begin meet. Dit was ongeveer in dieselfde tyd dat dr Hannes Dreyer-hulle met die Oos Vrystaat Veldramklub hier op Vrede begin het. Dit was die ideale geleentheid om vergelykings te tref."

Uit die staanspoor was dit vir hom duidelik dat hy baie meer aandag aan veseldikte en raamgrootte sou moes gee. Hy het sy huiswerk gedoen en kon gou sien dat sy nuwe teelbeleid vrugte begin dra.



## Lesse oor teling

"Dit was gedurende hierdie proses dat ek 'n baie belangrike les oor teling geleer het, en dit is dat 'n enkele ram nie al die foute in jou kudde kan regmaak nie. Genetiese verbetering gaan oor gemiddeldes. Jy skuif die gemiddeld van jou kudde gaandeweg in die regte rigting deur goeie gebalanseerde ramme te gebruik."

Wanneer jy ramme aankoop, moet dit ramme wees wat op dieselfde wyse en verkieslik in dieselfde gebied getoets is. Teen die begin van die negentigerjare het hy silwermerieteramme begin kry, en in 1998 is hy die eerste keer aangewys as beste teler, gegrond op aantal ramme gekeur en prestasie van die ramme. Daarna was hy vir verskeie jare die teler met die meeste silwermerieteramme op die veiling. Hy is die enigste teler wat nog elke jaar, sedert die ontstaan van die klub in 1986, diere ingeskryf het.

## 'n Neuman-skaap

"As ek vandag 'n skaap in my kudde moet beskryf, sou ek sê die belangrikste kenmerke is dat die ram 'n goedgeboude dier is met goeie vleiseienskappe; dus goeie lengte en breedte en sprong van rib, gevulde buite- en binnedye, breed in die bors en met 'n gladde lyf. Die wol is medium na fyn.

"By ooie lê die mikron tussen 18 en 20 met 'n vagmassa van 5 kg en 'n MF4 tipe wol. Belangrike woleienskappe vir my is kleur en staankrag. Ek hou nie van toiingrige wol wat oopreën hier in ons omgewing nie."

## Die kudde-ooie

'n Belangrike volgende stap, vertel Leonard, was om sy ooie ook aan prestasietoetsing te onderwerp.

"Daan Cronjé, wat Willem as BKB se veldbeampte hier opgevolg het, het my daarop gewys dat dit logies is om ook die ooie te begin toets, veral nadat ons gesien het watter effek ramtoetsing op die kudde gehad het. Van toe af was ons beleid dat jong ooie nie in die stoetkudde opgeneem word as hulle nie ook dieselfde toets deurgaan nie."

'n Verdere stap was om geselekteerde kudde-ooie ook aan die toets te onderwerp en die bestes in die stoet op te neem. Op dié manier kom daar voortdurend nuwe bloed in die stoetkudde in.

"Ek glo vas dat jou kudde- en stoetskape se gehalte so naby as moontlik aan mekaar moet wees. Ons klas die kudde-ooie met die hand en oog, en bring die bestes saam met die stoetooitjies in die toets in. Hierdie gesamentlike groep ooitjies word dan aan die prestasietoets onderwerp en ons

selekteer die individue met die beste syfers vir opname in die stoet."

Dr Hannes Dreyer gebruik die data om 'n wol- en vleiswaarde aan elke skaap toe te ken. Die kombinasie van die waardes word dan as 'n ekonomiese indeks uitgedruk.

'n Eienskap waaraan baie aandag tydens seleksie gegee behoort te word, meen Hannes, is kondisie want dit reflekteer aangepastheid by 'n spesifieke omgewing en is die fondasie van suksesvolle boerdery. Goeie produksie en reproduksie vloei hieruit voort.

Leonard se kernbesigheid bly die produksie van skaapvleis en wol. Dit is juis as gevolg van hierdie streng seleksieproses, glo hy, dat sy hamellammers so hoog in aanvraag by voerkrale is en hy 'n premie vir hulle ontvang.

## Bemarking


"Uit die ongeveer 500 ramlammers wat ek jaarliks aan 'n prestasietoets onderwerp, selekteer ons ongeveer 180 op grond van prestasietoetsing wat ek dan vir 'n seisoen in my eie kudde gebruik. Uit daardie 180 selekteer ek die 50 of 60 bestes, en dis hulle wat op die veiling aangebied word."

> 'n Mens is nooit op die punt waar jy nie meer hoef te leer of ontwikkel nie." LN

Maar sy kernbesigheid bly die produksie van skaapvleis en wol. Dit is juis as gevolg van hierdie streng seleksieproses, glo hy, dat sy hamellammers so hoog in aanvraag by voerkrale is en hy 'n premie vir hulle ontvang.

Toe ons groet staan Leonard 'n oomblik en dink...

"Daar is 'n laaste ding wat ek wil sê, en dit gaan ook oor meting, maar meting van jouself. Ek glo dat jy nooit mag ophou om jouself bloot te stel aan vergelyking nie.



Hymie Neuman — Vader van NEUMAN BROERS


> 'n Spesiale word van dank aan al my kopers—sonder julle sal die veiling nie so groot sukses wees nie.—LN

Cork Merinos het die afgelope jaar 350 ramme en meer as 500 ooie op die veld getoets. Dit was weereens 'n uitstekende jaar vir Cork Merinos by die Oos Vrystaat veldramklub en die stoet het die beste Merino-ram gelewer en is ook aangewys as die beste teler.



# Nuwe bloed vir die Drakensbergers





Rodney en Marthinus

Daar is die afgelope tyd baie gehoor oor die skep van nuwe teellyne vir die Drakensberger ras. Volgens Dr Hannes Dreyer word baie min kommersiele diere opgeneem in die stoetbedryf (Slegs 2 % in 2012) en daarom was dit 'n groot voorreg om Marthinus Willemse se kudde onlangs te keur . Hierdie verse wat gekeur is, sal beslis in die toekoms nuwe "bloed" vir die Drakensberger ras skep. Dit is verder goed dat die jarelange verbintenis met die Willemses voortduur.

Leonard Neuman

072 535 0197

leonardneuman@gmail.com




Rodney Neuman

082 746 8142

rodney@neumandrakensbergers.co.za

## Inligtingsdag : 18 Julie 2013

### Neuman Broers - Newlands, Vrede



| | |
|---|---|
| 10:00 – 10 :10 | Opening en verwelkoming . **Mnr Thys le Roux**, Reitz |
| 10:10 – 10:20 | Agtergrond oor veeboer van die jaar . **Johan Mouton**,Molatek |
| 10:20 – 10:50 | Presisie Beesboerdery in 'n Ekstensiewe Produksiestelsel vir Optimale Rooivleisproduksie. **Dr Vlok Ferreira**, Molatek |
| 10:50 – 11:10 | Video : **Joel Herholdt** , Molatek |
| 11:10 – 11:30 | Tee/Koffie |
| 11:30 – 12:10 | The use of individual cow records to select an effective cow herd. **Barry Symons**, Estcourt. |
| 12:10 – 12:30 | Resultate van veldbul- en— ramtoets. **Dr Hannes Dreyer**, LDO Dienste. |
| 12:30 – 13:30 | Besigtiging en bespreking van bulle en ramme. **Willem Volschenk** en **Danie Cronje** |
| 13:30 | Ete en saamkuier. |

www.neumandrakensbergers.co.za

## Oornag verblyf in Vrede

**Welgevonden B&B**
Estelle du Toit
Tel: 058 913 1624
Sel: 082 417 3087

**Driekoppen Game & Cattle Farm**
Gerrie van Rensburg
Sel: 084 514 6376
driekop@zippnorth.co.za

**Vrede Hotel**
Tel: 058 913 3637
vredehotel@gmail.com

**Glen B&B**
Marietjie Jordaan
Tel: 058 913 1950
Sel: 082 873 5389

-NEUMAN- -DRAKENSBERGER-

-NEUMAN- -MERINOS-